

BYBEL-MEDIA

Jou 2017-Bediensingsvennoot

Nuusbrief 15/2017

Kerkbode:

In Kerkbode van 25 Augustus kan u lees van die doelbewuste skuif wat 'n aantal gemeentes in die Oostelike sinode wil maak om meer missionaal kerk te wees.

Daar word berig oor 'n nuwe sentrum vir vroeë kinderontwikkeling in Britstown, van Duitse gelowiges wat omgee vir vlugtelinge, NG lidmate wat omgee vir gestremdes.

Lees ook van Wes-Kaapse vrou wat praat oor vroue in die bediening, van 'n vrou wat as teologiesdosent aangestel is by Tukkies, oor prof Elna Mouton van Maties en van ds Delmarie Viljoen se ekumeniese bediening in die Suid-Vrystaat.

Daar is 'n artikel oor spirituele begeleiding, 'n verhaal van 'n lidmaat wat deur haar werk ander vroue bemagtig om na weeskinders en bejaardes om te sien en 'n storie van strome van liefde van talle mense wat oor jare 'n seun help om na 'n motorongeluk weer homself te word.

e-Kerkbode: Naas die harde kopie van Kerkbode is 'n elektroniese weergawe ook beskikbaar. Teken **gratis** in by www.kerkbode.co.za en ontvang die kerknuus kraakvars op jou rekenaar.

Kerkbode - app: (Android selfone, tablette en Apple iPhone en iPad).

Die app is **gratis** beskikbaar by *Google Play* en *Apple se App Store*, en kan maklik opgespoor word deur vir die sleutelwoord "Kerkbode" te soek.

Toerustingsondag 10 September 2017

Reformasie 500 is vanjaar die fokus vir die derde en vierde kwartaal. BM het met verskeie rolspelers saamgewerk om die materiaal vir die feesgeleentheid (rondom 31 Oktober) daar te stel.

Kyk by www.ngkerk.org.za na Refo 500 óf by www.refo500.christians.co.za na die materiaal wat beskikbaar is.

Toerustingsondag 10 September is ook 'n geskikte geleentheid om 'n **Spesiale Kollekte** – soos deur die Algemene Sinode in 2015 herbevestig – vir Bybel-Media op te neem.

Spesiale (deur-) kollektes of 'n donasie vir BM bewillig, kan soos volg hanteer word:

Inbetaal in BM-tjekrekening: ABSA, Wellington, **405 118 1699** (meld kollekte en dan gemeentenaam), óf ge-pos word na: BM, Posbus 5, Wellington 7654

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za, klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

Groete vanuit Wellington.

Hans Steyn
Bybel-Media

E-pos: hans@bmedia.co.za / Tel: 021 864 8223

The image shows the cover of the August 2017 issue of 'Kerkbode' magazine. The title 'KERKBODE' is prominently displayed at the top in a large, blue, serif font. Below it, the subtitle 'Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense' is written in a smaller, sans-serif font. The issue date '25 Augustus 2017' and the price 'Doel 199 - Nummer 3' are also visible. The main headline, 'Ons leer om in die sagte juk van Jesus te leef', is written in a large, bold, black font. A photograph of a man with glasses, wearing a blue shirt, is featured on the right side of the cover. He is gesturing with his hands as if speaking. The background of the photo is slightly blurred, showing what appears to be a church interior. The overall design is clean and professional, typical of a religious publication.